

Nog



‘n spinnekop in en om die Huis (Familie Filistatidae)

In Engels word hulle *crevice weaver spider* genoem, en dis presies wat hulle doen: Hulle weef ‘n buisie in die skeur, kraak, spleet of gat in die rots of muur of boombas, waarin hulle later gaan skuil. Bo-op die oppervlak, waarin die buisie in die kraak sit, word ‘n doekweb gewef met ronde gaatjies na buite. Hierdie doekweb is die vangweb vir die prooi, en dis van **gepluisde** sy gemaak, sodat die prooidiertjies daarin kan verstrengel raak. As daar nie ‘n kraak beskikbaar is nie, word die skuilsakkie deel van die vangweb. Dit is van gladde sy gemaak, digter gewef en lyk melkerig wit en lê aan die onderkant van die vangweb.

As hulle in die huis intrek, kan hulle nogal steurend wees. Hulle hou van skilderye teen die muur en weef die webbe op die agterkant. Hulle is lief vir vensters, veral as daar nog ‘n gaasvenster is, want daar is klomp hoeke en splete. Op die gaas word die vangweb gewef. Vir die huisvrou ‘n bron van frustrasie, die skoonmaak is baie lastige en veral tydrowende werk. Omdat die sydrade gepluis is, lê die stof al te lekker daarop en klein insekte word daarin vasgehou.



Agter ‘n kas teen die muur


agter ‘n skildery

in oop buitekamer

Ongelukkig het ek nog nie baie besonderhede oor hierdie klein medebewonertjie in my huis nie. Daar is in suidelike Afrika nog nie baie navorsing oor gedoen nie, omdat veronderstel is, dat die familie nie sterk teenwoordig is nie. Dalk is dit ook eers hier ingebring en was nie oorspronklik hier nie. Ons weet nog nie. Wat ons wel weet is dat:

- Dit is nie giftig nie, slegs vir klein insekte.
- Dit vang nogal baie vlieë en muskiete.
- Dit kan ‘n paar jaar oud word.

- Hulle is alleenlopers. Eenkeer het ek tweetjies agter op ‘n skildery gesien, ‘n vet wyfie en ‘n skraal mannetjie. Elkeen het sy eie web gehad, maar die mannetjie in respekvolle afstand van die wyfie .



Die boom in Grootfontein Namibië: drie vergrotings; let op die ronde gaatjies in die web.



In die natuur het ek hierdie spinnekoppie in Grootfontein teen die stam van ‘n groot boom gesien en by ons op die werf teen ‘n jakarandaboom, maar nog nie buite in die veld nie. By die Grootfontein-boom bly dit saam met ‘n baie klein soort termiet. Of dit so af en toe ook ‘n termiethappie neem, kon ek nie vasstel nie. In die vangweb sien jy dan ook die hout-“saagsels”, wat deur die termiete “uitgewerk” word. Ander items wat daarop sit, is insek-eksoskelette en natuurlik baie stof. ‘n Hewige bui reën spoel die web af, maar dit word weer opgebou, want dis mos die kosvoorsiener.

Die boomstam is van onder tot bo, waar die vertakkings begin, total toegespin. Dit sien ek al vir twee jaar so.

Wat hierdie spinnekop nog interessant maak, is hoe dit die sy spin. Die sy kom natuurlik by die spinaanleg (spinkliere, spintepels en spinplaat of kribellum, ‘n redelik ingewikkelde konstruksie) uit as ‘n vloeistof. Die sy word uitgetrek met die agterste beenpaar, waarop ‘n soort “kammetjie” sit. Dit is eintlik hare wat dig langsmekaar in lyn (of ook in bondels) gerankskik is. Met die

kammetjie word die sy uitgetrek, gekam en gepluis. Die “kammetjie” se naam is kalamistrum (wat ook die benaming is vir die apparaat waarmee haarkappers hare m.b.v. hitte krul).



Spinnekop trek sy uit

kalamistrum op die agterbeen

kalamistrum baie vergroot

Wat maak ons nou met hierdie inligting? Ons weet nou, dat ons nie paniekerig moet word oor hierdie spinnekop nie. Ons kan dit beheer deur gedurig dop te hou en skoon te maak.

Buitendien hoop ek om meer inligting te kry d.m.v. terugvoer van die lesers. Dit kan dalk die bioloë help in hulle navorsings (die kontakte is daar).

Inligtingsbronne:

Ansie Dippenaar-Schoeman: e-posse, Fieldguide to web dwellers, GOGGAgids (medeouteur: Erik Holm)

Tharina Bird

Filmer's SPIDERS an Identification Guide for Southern Africa (revised by Norman Larsen)

Google: calamistrum en die drie fotos daaroor,

Teks en res fotos: Anka Eichhoff

September 2017